

Die wiele dwars binne die wiele

Die profeet Esegïël tree op onder die Jode wat in ballingskap verkeer. En om hulle te troos, laat die Here vir Esegïël 'n troonwa met wiele sien wat deur vier wesens gedra word. En waar die wesens gegaan het, het die wiele ook gegaan. Maar nou was daar ook wiele dwars binne die wiele wat die wesens in staat gestel het om na enige kant te beweeg sonder om te draai. En toe het die profeet verstaan: die wesens onder die troonwa was 'n teken van God se teenwoordigheid in die wêreld. En die wiele tussen die wiele was 'n teken van die onbegryplike, wisselende gebeurtenisse in die wêreld.

Ja! Vir die Israeliete was God se optrede 'n wiel tussen 'n wiel. En so is God se optrede met ons lewe en met ons land en met die wêreld ook dikwels vir ons 'n wiel tussen 'n wiel. Sommige mense word so verwar dat hulle van 'n blinde noodlot praat. Maar dis nie waar nie! In vers 20 word duidelik gesê dat dit die Heilige Gees is wat opdrag gee hoe, waar en wanneer die wiele moet beweeg. Ja, God wil hê dat ons sy hand in alles moet raaksien wat in ons lewe gebeur – al is dit hoe verwarrend!

Maar God wil hê dat ons nog iets baie belangrik moet raaksien. En dit is dat die vellings van die wiele rondom vol oë was. Watter aangrypende troos vir die volk in ballingskap en ook vir ons. God sien ons raak waar en in watter omstandighede ons ons bevind! En daarom moet ons nie vir ons blind staar teen die verwarrende wiele in ons lewe nie. Kyk na sy vriendelike oë op die vellings van die wiele. Ja, al het die wiele van God se raadsplan ons ingetrap in die diepte van moedeloosheid, siekte of watter swaar ook al – Hy sien ons raak met elke draai van die wiel.

En as ons nog twyfel, dink aan die kruis waar God se onbegryplike wiele sy geliefde Seun weggetrap het in die stof van dood en hel om ons van die ewige verdoemenis te verlos. En dink aan die uitstorting van die Heilige Gees met Pinkster toe God in ons harte kom woon het om vir ons te sê: Ek sien jou elke oomblik raak!

Sing: Psalm 103:7 (Totius)

Dr CJ Malan (Emeritus)